

# Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Junie 2020 Uitgawe 2



'n Gids vir die heropening van skole

Bladsy 7



## SA beweeg na waarskuwingsvlak 3

**P**resident Cyril Ramaphosa het aangekondig dat Suid-Afrika met ingang van 1 Junie na vlak 3 beweeg het – met die gepaardgaande ontsluiting van meer sektore van die ekonomie en die opheffing van 'n aantal beperkings op mense se bewegings.

Tydens sy toespraak oor die ontwikkelings in Suid-Afrika se risiko-aangepaste strategie om die verspreiding van COVID-19 te bestuur, het die President gesê dat die land 'n gedifferensieerde benadering volg in die hantering van gebiede met veel hoër infeksie- en oordragvlakke.

### COVID-19-brandpunte

Hierdie gebiede is tot koronavirus-brandpunte verklaar, en sluit die volgende metro's in:

- Stad Tshwane
- Stad Johannesburg
- Ekurhuleni



- Ethekwini
  - Nelson Mandelabaai
  - Buffalo City en Kaapstad.
- Ander gebiede wat as brandpunte geïdentifiseer is, is die Weskus, die Overberg en die

Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteite in die Wes-Kaap, Chris Hani-distrik in die Oos-Kaap, en iLembe-distrik in KwaZulu-Natal.

'n Brandpunt word omskryf

as 'n gebied met meer as vyf besmette mense per elke 100 000 mense, of waar nuwe infeksies teen 'n vinnige tempo toeneem.

Ten einde die virus in hierdie gebiede te hanteer, sal die re-

gering intensiewe ingrypingsmaatreëls implementeer, wat daarop gerig is om die aantal nuwe infeksies te verminder.

“Ons implementeer beter maatreëls vir waarneming, infeksiebeheer en -bestuur. Ons sal 'n voltydse span bestaande uit ervare personeel aan elke brandpunt toewys,” het die President verduidelik.

Hierdie spanne sal bestaan uit epidemioloë, huisartse, verpleegpersoneel, gemeenskapsgesondheidswerkers, kenners op die terrein van openbare gesondheid asook mediese nooddienste, en sal deur Kubaanse spesialiste bygestaan word.

“Elke brandpunt gaan aan toetsdienste, isolasie- en kwarantynfasiliteite, behandeling, hospitaalbeddens en kontakopsporing gekoppel word.

“Indien die verspreiding van die infeksie ondanks ons ingrypings nie beheer word nie en die gevaar ontstaan dat ons gesondheidsgeriewe oorweldig kan word, kan enige deel van die land weer na vlak 4 of 5 terugkeer, het hy gesê.

Die lys van brandpuntgebiede sal elke twee weke hersien word, afhangend van die vordering van die virus.

• Vervolg op bladsy 2



Om Vuk'uzenzele te lees, laai die GOVAPP af by:



Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

### KONTAK ONS



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Webwerfs: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

E-pos: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

**GRATIS NIE TE KOOP NIE**

# COVID-19 JONGSTE NUUS

## • Vervolg van bladsy 1

### Ontsluiting van die ekonomie

Die implementering van waarskuwingsvlak 3, wat aan die begin van Junie in werking getree het, beteken dat die meeste ekonomiese sektore hul bedrywighede kon hervat, onderhewig aan die nakoming van streng gesondheidsprotokols en reëls oor sosiale afstand. Al hoe meer staatsamptenare het ook teruggekeer werk toe ooreenkomstig die bepalinge van die Wet op Beroepsge-sondheid en Veiligheid, en



die riglyne van die Departement van Staatsdiens en Administrasie in samewerking met al die ander regeringsdepartemente.

### Protokols en werkplekplanne

Namate al hoe meer sektore van die ekonomie weer begin sake doen, sal die regering sterk op sosiale kompakte met alle sleutelrolspelers steun om die sleutelrisiko-



faktore by die werkplek en in die kontakpunte tussen werknemers en die publiek nougeset te bestuur.

"Ons sal dus 'n aantal sektorprotokols finaliseer en van ondernemings verwag om 'n werkplekplan op te stel voordat hulle mag her-

open," het hy gesê.

Volgens hierdie planne moet ondernemings higiëne- en sosiale-afstandmaatreëls en -fasiliteite implementeer; werkers elke dag skandeer wanneer hulle by die werkplek aanmeld, diegene wat moontlik besmet is in afsondering plaas en reëlings




maak om hulle te laat toets.

"Hulle moet ook help met kontaksporing indien werknemers positief toets. Omdat personeel ouer as 60, en diegene wat aan onderliggende toestande soos hart-siekte, diabetes, chroniese lugwegsiekte en kanker ly meer kwesbaar is, moet hulle verkieslik tuis bly," het die President verduidelik.

Werknemers wat van die huis af kan werk, moet toegelaat word om dit te doen.

Onderhewig aan hierdie maatreëls het alle vervaar-



struksie-, finansiële dienste, professionele en sakedienste, inligtingstechnologie, kommunikasiedienste, regerings-dienste en mediadienste op 1 Junie heropen. Die toepaslike heropenings- en infasierungsreëlins sal vir elke werkplek gespesifiseer moet word.

"Groot- en kleinhandel kan ten volle heropen, insluitend winkels, spazawinkels en informele handelaars. E-handel sal steeds oop bly. Ander sektore wat reeds

heropen het, soos landbou en bosbou, nutsdienste, mediese dienste, voedsel-produksie en vervaardiging van higiëneprodukte, sal oop bly," het hy gesê.

### Hoërisiko- ekonomiese aktiwiteite verbied

Hoërisiko- ekonomiese aktiwiteite bly steeds verbode tydens vlak 3. Dit sluit in:

- Restaurante, kroë en tavernes, behalwe vir aflewering of afhaal van kos.
- Akkommodasie en binelandse vlugte, behalwe vir sakereise, wat ingefaseer sal word op datums wat nog aangekondig sal word.
- Konferensies, funksies, vermaak en sportaktiwiteite.
- Persoonlike sorgdienste, insluitend haarkapper- en skoonheidsdienste.



### Beweging van mense en verkoop van alkohol

Mense mag enige tyd van die dag oefening doen, mits dit nie in groepsverband is nie. Die aandklokkeël op die beweging van mense is opgehef.

"Alkohol mag vir tuisver-



bruik slegs onder streng voorwaardes verkoop

word, op spesifieke dae en vir 'n beperkte aantal uur. Aankondigings in hierdie verband sal gedoen word sodra besprekings oor die spesifieke omstandighede met die sektor afgehandel is," het die President verduidelik.



Die verkoop van tabak-produkte bly verbode op waarskuwingsvlak 3, weens die gesondheidsgevaar wat met rook gepaardgaan.

"Alle byeenkomste bly verbode, buiten begrafnisse met hoogstens 50 mense, of vergaderings in die werkplek vir werksdoeleindes."

### Verwag toename in infeksies

"Volgens President Ramaphosa is ongeveer 20 000 hospitaalbeddens vir COVID-

19-gevalle opsygesit, en 27 veldhospitale word regoor die land gebou.

"Sommige van dié hospitale is nou gereed om koronavirus-pasiënte te ontvang."

Die President het gesê dat die regering die werk van staatsamptenare hoog op prys stel, veral diegene in die voorste linie in die stryd teen COVID-19.

"Die veiligheid van alle werkers, ook staatsamptenare, is vir ons uiters belangrik.



Ons sal alles moontlik doen om voldoende persoonlike beskermingstoerusting te voorsien om almal se veiligheid te verseker terwyl hulle werk.

"Ons prioriteit is om die geleentheid vir oordrag van die virus te verminder en 'n veilige omgewing vir almal te skep," het hy afgesluit.

U – SAnews.gov.za

### Wenke om besmetting met die koronavirus te voorkom:

- » Bly sover moontlik by die huis.
- » Onthou om sosiale afstand te handhaaf.
- » Dra jou gesigmasker.
- » Was jou hande deeglik met seep. Was die agterkant van jou hande, tussen jou vingers en onder jou naels. Was altyd jou hande met seep voordat jy eet en nadat jy in die openbaar beweeg het.
- » Bedek jou mond met 'n sneesdoekie wanneer jy hoës of nies. Moet onder geen omstandighede met vuil hande aan jou gesig raak nie. Was jou hande eers deeglik met seep en water indien jy wel aan jou gesig moet raak.
- » Kry mediese hulp as jy siek voel. Tipiese simptome van COVID-19 sluit in 'n gehoës, loopneus, koors en kortasem. Kry onverwyld mediese hulp indien jy enige van hierdie simptome ervaar.

Vir meer inligting, skakel die Nasionale Instituut vir Aansteeklike Siektes se 24-uurblitslyn by 0800 029 999 of teken aan op [www.health.gov.za](http://www.health.gov.za) en [www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)



government communications

Department: Government Communication and Information System  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production  
Khusela Diko | [khusela@gcis.gov.za](mailto:khusela@gcis.gov.za)

Editor-in-Chief  
Tyrone Seale | [tyrone@gcis.gov.za](mailto:tyrone@gcis.gov.za)

Managing Editor  
Ongezwa Mogotsi  
[ongezwa@gcis.gov.za](mailto:ongezwa@gcis.gov.za)

News Editor  
Noluthando Motswai

Writers  
More Matshediso, Jauhara Khan  
Silusapho Nyanda

Senior Designer | Tendai Gonese  
Junior Designer | Tsholofelo Sepeng

Language Practitioners

Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalatse  
Thandolunye Magudulela | Sizwe Ziqubu  
Witness Ngobeni

Vuk'uzenzele  
is published by Government  
Communications (GCIS)

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Printed by: RISING SUN PRINTERS  
For Editorial and Service

Distributed by: ON THE DOT





# Laat ons ons kinders beskerm en ondersteun



**I**nternasionale Dag vir die Beskerming van Kinders, wat wêreldwyd op 3 Junie gevier word om die aandag op kinders se regte en welstand te vestig. Op gepaste wyse is dit op dieselfde dag ook die VN se Wêrelddag vir Ouers, wat hulde bring aan ouers en versorgers se toewyding aan kinders se welsyn.

Ek wil die miljoene ouers, grootouers en versorgers in Suid-Afrika wat voortdurend 'n belangrike rol in die vormingsjare van ons jongste landsburgers speel, bedank. Die aanmoediging, ondersteuning en beskerming wat kinders van hul ouers en versorgers ontvang, is noodsaaklik vir hul toekomstige geluk en sukses.

Die land het op 1 Junie 'n nuwe fase in die stryd teen die koronavirus begin. Baie ekonomiese en sosiale aktiwiteite is hervat, insluitend 'n fasehervatting van skoolopleiding.

Ons het gesê dat ons, met die raad van ons wetenskaplikes as riglyn, 'n geleidelike benadering volg, wat deur die realiteite op grondvlak en oorlegpleging met belanghebbendes gelei word.

Die afgelope paar weke, namate ons voorbereidings getref het om terug te keer skool toe, het ons uitgebreide en gedetailleerde gesprekke met al die rolspelers in die onderwyssektor gevoer. Dit het as riglyn gedien vir ons benadering tot hierdie ingewikkelde en uitdagende taak.

Verskeie van hierdie belanghebbendes – waaronder onderwysers en ouers – het hul kommer uitgespreek oor die gereedheidsvlak van baie skole. Ons het dit gehoor, ons verwelkom hul bydraes en neem stappe om hul kommer sowel as voorstelle te hanteer.

Dit is verstaanbaar dat baie ouers en versorgers in hierdie tyd gemengde gevoelens oor die heropening van skole het. Dit is 'n verligting dat kinders hul onderwys kan hervat ná 'n lang afwesigheid uit klaskamers en lesingsale. Jongmense is gretig om weer skool te gaan en om hul vriende en onderwysers weer te sien.

Maar ouers, opvoeders en leerders is ook ongerus daarvoor.

Ouers wil die versekering hê dat die nodige voorsorgmaatreëls getref word om leerders

voldoende te beskerm. Die veiligheid van ons jongste burgers vanuit 'n gesondheids- en fisieke perspektief is nie onderhandelbaar nie. Dit is ons grootste prioriteit.

Terwyl ons voorberei op die geleidelike heropening van ons skole en instansies vir hoër onderwys, het onderwysowerhede hard gewerk om die nodige gesondheids- en veiligheidsmaatreëls in gereedheid te bring. Die nodige dokumentasie rakende standaardprosedures is aan alle skole voorsien. Hierdie standaardbedryfsprosedures handel oor kwessies soos opleiding en oriëntasie van diegene wat sifting van leerlinge behartig, hersiening van roosters en die herrangskikking van klaskamers om aan die vereistes van sosiale afstand te voldoen.

Ons lewer steeds persoonlike beskermende toerusting af en maak seker dat daar voldoende water- en sanitasiedienste is. Sodra klasse weer begin, sal dit onder streng voorwaardes met die voorgeskrewe beperkte aantal leerders en studente wees.

As ouers, onderwysers, bestuurders en die regering is ons dit eens dat geen skool

moet heropen totdat al die nodige voorsorgmaatreëls in gereedheid is nie. Daar moet deursigtigheid wees oor die vlak van paraatheid van elk van die skole. Elkeen wat 'n belangrike rolspeler is, of dit nou 'n ouer, 'n lid van die skoolbeheerliggaam, 'n onderwyser of 'n regeringsampenaar is, moet oor die korrekte inligting oor die stand van sake by elke skool beskik. Dit is ons kollektiewe verantwoordelijkheid om te verseker dat die leeromgewing veilig is.

Ek wil graag hulde bring aan ouers en versorgers vir die rol wat hulle die afgelope twee maande gespeel het. Met skole wat gesluit is, moes hulle daaglik 'n groter verantwoordelijkheid neem vir die opvoeding en ontwikkeling van hul kinders. Baie ouers en versorgers moes leerders tuis help met hul skoolwerk, en het sonder twyfel ook besef en waardeur hoe hard ons onderwysers elke dag werk.

Sodra die inperking opgehef word en meer leerders terugkeer skool toe, moet ons ouers voortgaan om 'n meer aktiewe rol in die opvoeding van ons kinders te speel, hetsy deur toetreding tot skoolbeheerlig-

game, vrywilligerswerk by skole of ander vorme van hulp. Ouers kan help met die skoonmaak van skole, die vestiging van groentetuine of hulle kan deel wees van skole se veiligheidskomitees. Dit kan die skole omskep in ware betekenisvolle "gemeenskap-skole".

Hoewel ons angstig en onrustig kan voel wanneer ons seuns en dogters ons sorg verlaat, moet ons moed put uit die feit dat alles moontlik gedoen word om hulle te beskerm.

As ouers het julle die welstand en veiligheid van julle kinders aan ons toevertrou. Dit is 'n verantwoordelijkheid wat ons nie ligtelik opneem nie. In die komende dae en weke, sal ons jul kinders se terugkeer skool toe noukeurig monitor.

As ons die protokolle volg en alle voorsorgmaatreëls handhaaf – as ouers, opvoeders, gemeenskappe en leerders – sal ons die risiko's wat die koronavirus inhou, doeltreffend verminder.

Uiteindelik is dit ons persoonlike optrede en ons gesamentlike pogings wat ons kinders veilig sal hou. Wat ook al ons volgende gaan doen, moet ons saam doen. **V**